KALAHARI SNIPPETS

Die E-NUUSBLAD met die verlede, hede en toekoms

Sedert 2015 Uitgawe 412 4 September 2025

**Huismuseum**

Gedurende Mei 2025 het ek 'n besoek aan die Rudd House in Kimberley afgelê. Hierdie huismuseum is vlagskip van die McGregor museum in Kimberley.

Die oorspronklike eienaar was sir Richard Solomon. Hy het die woning sedert 1886 bewoon, waarna die mynmagnaat Charles Rudd, die woning in 1896 gekoop het. Rudd en Cecil John Rhodes was op vele besigheidsterreine vennote. Die bekendste onderneming wat hulle saam geloods het, was die daarstel van 'n maatskappy wat ys vervaardig. As die hoë temperature wat Kimberley in die somermaande bereik in ag geneem word, is hierdie nuutgevonde besigheids innovasie in die kol. Rudd het egter in 1887 sy klem verskuif na die edelmetaal, goud.

Rudd House, ook bekend as The Bungalow neem die besoeker op 'n reis na die welvarende diamant era in Kimberley.

**Die argitek**

Die Victoriaanse boustyl, die rooi sinkdak, die rooi en wit sink veranda's, die kaggels in die huis sowel as die hoë plafonne spreek van die boustyl van die 1880's. Die veranda's laat die gebou veel groter vertoon as wat dit werklik is. Die argitek was DW Greatbach (1871-1926). Daniel Westwood Greatbach was 'n baie bekende argitek in Kimberley. Hy was in diens van De Beers Company en die Hospitaalraad. Greatbach was 'n baanbreker argitek wat nuwe argitektoniese style op die proef gestel het. Hy het voortgegaan met sy argitekpraktyk tot in 1921. Hy sterf in 1926.

Die hoë plafonne het ook gehelp om die huis koel te hou wanneer die somer temperature die kwik hoog laat styg.

Die eienaar was 'n direkteur en mede-stigter van De Beers Consolidated Mines en die bakstene, het die drukwerk "DCM" as embleem op. Hierdie bakstene is vandag nog op die terrein te sien. Dit was egter net die welvarende sakemanne van Kimberley wat hierdie voordeel kon benut. Die sand by die ingang tot die woonhuis is ook deur De Beers fyn gemaal en voorsien. Die interieur is oordadig en sprekend van die ekonomiese welvaart wat Kimberley ervaar het.

Die meubels is nie almal die oorspronklike nie. Die biljarttafel is die ware Jakob. Die verskillende jagtrofeë teen die mure versinnebeeld die rojale leefstyl. Jag was ook slegs vir die welvarende sakemanne beskore. Familiefoto's bo die kaggel in die "drawing room", is oorspronklik en versinnebeeld die gesinslewe van vervloë tye.

Die term "drawing room" verwys egter glad nie na teken nie, maar na die plek waarheen jy teen die einde van die dag gaan om bietjie te onttrek na 'n veeleisende dag.

Rudd House was ook 'n belangrike vesting tydens die Anglo-Boereoorlog (ABO). Die huis het beskik oor 'n uitkyktoring. Alhoewel die huis slegs 'n enkelverdiepinghuis is, is daar 'n stel trappe aan die buitekant wat lei tot 'n uitkyktoring. Die uitkyktoring het aan Cecil John Rhodes die geleentheid gebied van goeie uitsig oor Kimberley. Hierdie uitsig sou veral tydens die beleg van die dorp - 14 Oktober 1899 tot 15 Februarie 1899 tydens die Anglo-Boereoorlog vir hom van waarde wees. Hierdie uitkyktoring het ook aan Percy Rudd die geleentheid gebied vanwaar hy die mynbedrywighede kon besigtig. Indien daar dan 'n skagtoring was wat nie in werking was nie, kon hy dadelik na die myn gaan en gaan verneem wat die probleem is.

Hierdie uitkyktoring was dus veel meer as net 'n groot bederf aan die huisbewoners met 'n wonderlike uitsig oor die dorp.

Die huis het aanvanklik net uit vier vertrekke bestaan. Namate die behoefte aan meer vertrekke ontstaan het, is nuwe vertrekke aangebou en daar is vandag 34 vertrekke wat met 'n besoek aan die woning deurgestap kan word.

Daar is besondere moeite gedoen tydens vele restourasieprojekte om so na as moontlik van die oorspronklike muurpapier te gebruik. Gedeeltes van die oorspronklike muurpapier is na Engeland gestuur vir vervaardiging. Die kinderkamers is ook keurig ingerig met kinderspeelgoed en bababedjies. Die besoeker kry die gevoel dat die laggende kinderstemmetjies enige oomblik jou gaan kom verras.

Die werf van Rudd House neem die besoeker terug in tyd. Die perdestalle, die koetshuis, vandag sal ons seker praat van motorhuis, ‘n oorspronklike kothuis gebou met sinkplate, sowel as ‘n kweekhuis met varings, deel die wonderlike leefwyse van weleer.

Die enorme wildevyeboom, met wortels wat bo die grond uittroon, is ewe bekend as die huis.

Charles Dunnel Rudd het die huis in 1971 aan McGregor Museum oorgedra. Die museumpersoneel het die huis tot sy eertydse glorie herstel. In 1988 is die museum geopen vir besoekers. In 1990 is Rudd House tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.
















JUAN
ALBUM BEKENDSTELLING @ DORINGDRAAD, DEBEN
BOUCHER
JUAN BOUCHER
08 NOVEMBER 2025, 19H30
KAARTJIES: RACHEL 073 237 4566
PLEK: STERREDAK TEATER DEBEN
SPRINGBOKKE VS FRANKRYK GAME SAL NA DIE SHOW
GEWYS WORD OP 'N BIG SCREEN


RICUS NEL
KOM KUIER IN DIE KALAHARI
MAAK REG VIR 'N AAND VAN
KONSERTINA - VIBES,
STORIES EN AFRIKAANSE
MUSIEK SOOS NET RICUS
KAN DOEN.
12 SEPTEMBER 2025, 20H00
KAARTJIES WA - RACHEL - 073 237 4566
PLEK STERREDAK TEATER DEBEN


Winton Guest farm
Winton offers a unique,
rustic, true farm atmosphere
and will happily assist with the planning of all aspects
of your special occasion.
Passion, commitment and dedication
is at the core of everything we do.
We would love to meet you as a potential client
and have you leave as a friend.
Winton
Kalahari, NC
• The Guest House has 3 bedrooms plus open plan room
(sleeps 11) & 2 bathrooms & outside toilet & shower
• The original farm house hosts 5 bedrooms
(sleeps 10) and 2 bathrooms.
• 3 Family rooms - sleeps 4,6,8 with bathrooms
• "Die Sandhuisie" is perfect for a romantic getaway.
The Ideal start to a perfect honeymoon.
Weddings
Telephone: 083 794 0375
Email: info@winton.co.za
koosvz@isat.co.za
www.winton.co.za
Beautiful Memories
Winton offers a romantic setting
for your perfect wedding




NEW IN KURUMAN

NOA Accountants

NATAISHA OLIVIER CA (SA)

natasha@noacc.co.za
060 350 5707

## *Soetfontein Guest Farm*



Soetfontein Guest Farm is a turn of the century family-owned farm offering a traditional farm-style stay. Here guests will experience the peace and quiet of the countryside and the relaxing atmosphere, amidst the Kalahari Bushveld, the ideal location to switch off from your daily routine. Making it a memorable location for accommodation bookings, planning your perfect function or wedding.

**Contact: 0828889547 / 0828084168, www.soetfontein.co.za, reservations@soetfontein.co.za**


Bloem-Familie Trekkerfees
25 Oktober 2025
Ferreira Museum, Speserylaan 16, Quaggafontein, Bloemfontein
• Verskeidenheid uitstallers
• Trekkerploeg en Trekkerparades
• Stoomenjin en antieke enjins
• Kabouterbraai vir kinders
• Ystersmid demonstrasies
Pretdag vir die hele gesin!! Hekke oop 08:00 - 16:00
Navrae: Rudie - 082 815 1727
Jaco - 079 892 1265 / Eric - 081 436 0829


Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
PROJECT OF HOPE 2025
Stand a chance to win a Renault Kwid Climber to the value of R222 000.
Minimum of R50 donation
Closing date: 30 September 2025
Draw of winner by 31 October 2025
Tickets available online at www.engo.co.za or at any participating Engo programme.
EVOLVE
AUDIT & ADVISORY
novus
media community news
Society Lottery Scheme is registered with National Lotteries Commission (Reg No. 00427/02)


Save the Date
SOETFONTEIN STAP/DRAF
6 September 2025
TEN BATE VAN GEREF. KERK
Nota : Lekker ontbyt sal weer bedien word!
Greetings ISLAND


UPINGTON SUMMER TRIATHLON
Waterfront Guest House & Venue
1 November 2025
Proudly Powered by
UPINGTON
UST CHALLENGE
R350 individual entry
R300pp team entries
HALF UST
R300 individual entry
R250pp team entries
JUNIOR UST
R250 individual entry
R200pp team entries
KIDDIES UST
R150 individual entry
INFORMATION & ENTRIES
entryninja.com (Search: Upington Summer Triathlon)
072 082 5070 (Jana)
Registration 31 October from 16h00 at Race Venue
Entries close 26 October 2025 at midnight
free event socks


205 JAAR
BYBELMAAND
Uitverkoping
1 TOT 29 AUGUSTUS 2025
AFRIKAANS
2020-vertaling
DIE BYBEL
BESPAAR
55%
R269*
WAS
R599
BESTEL VANDAG
sales@biblesociety.co.za


ENGLISH
New International Version (NIV)
Complete Bible, medium size, black hardcover, preface, cross references, footnotes, table of weights and measures, and maps.
HOLY BIBLE
SAVE
40%
R195*
WAS
R325
ORDER TODAY
sales@biblesociety.co.za
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa


SAVK/ SASCH
Philippolis
NATIONAL CONGRESS OF THE SOUTH AFRICAN SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY: 2025
TOWN: PHILIPPOLIS
VENUE: KAROO ARTIST'S CAFÉ, PHILIPPOLIS
DATE: 29 – 30 AUGUST 2025
THEME: South African Architecture as an Integral Part of Cultural Identity and Heritage
For more information, please email savk2025kongres@gmail.com
NASIONALE KONGRES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS: 2025
DORP: PHILIPPOLIS
PLEK: KAROO ARTIST'S CAFÉ, PHILIPPOLIS
DATUM: 29 – 30 AUGUSTUS 2025
TEMA: Suid-Afrikaanse Argitektuur as Integrale Deel van Kultuur-Identiteit en Erfenis
Vir meer inligting, stuur asseblief 'n epos na savk2025kongres@gmail.com
NATIONAL MUSEUM


FAK
WESFRONTVASBYT
HOU DIE SPASIE DOP VIR ONS
Wesfrontvasbyt
23-26 Oktober
Paardeberg
60 km in 4 dae
R950 p.p.
Navrae: Cara 072 439 2593
www.fak.org.za


Gewond Maar
Onoorwonne!
Vegkop Herdenkingsfees
2025
Die Pad na
Vryheid
2025 Vegkop herdenking!
1961 Rebubliekwording!
1838 Bloedrivier
1881 Majuba
1836 Vegkop
1652 Die Kaap
Kom herdenk saam met ons die slag van Vegkop
10 tot 12 Oktober
Op die Vegkop slagveldterrein naby Heilbron.
Vir navrae en besprekings Whatsapp:
079 258 6372


205 YEARS
BIBLE MONTH
Sale
1 TO 29 AUGUST 2025
SESOTHO
1909 translation (SO)
Complete Bible, medium size, black hardcover, red-edged and maps.
BIBELE
SAVE
40%
R165*
WAS
R275
ORDER TODAY
sales@biblesociety.co.za
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa


205 JAAR
BYBELMAAND
Uitverkoping
1 TOT 29 AUGUSTUS 2025
AFRIKAANS
2020-vertaling
Volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband en kaarte.
DIE BYBEL
BESPAAR
40%
R106*
WAS
R178
BESTEL VANDAG
sales@biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


205 YEARS
BIBLE MONTH
Sale
1 TO 29 AUGUST 2025
ENGLISH
King James Version (KJV)
Complete Bible, standard size, black hardcover with easy to read layout.
HOLY BIBLE
SAVE
40%
R153*
WAS
R255
ORDER TODAY
sales@biblesociety.co.za
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa




# VARS OP DIE RAK.

Hennie van Deventer se nuutste boek Wag-'n-bietjie, uitgegee deur Naledi, het pas verskyn.




Wag-'n-bietjie sal wyd in boekwinkels beskikbaar wees. Dit kan ook bestel word by die uitgewer, Naledi, se doeltreffende aanlynboekwinkel by naledi.co.za of by Tertia Swart (078 648 8616). Die prys is R275 plus R65 koerierskoste om dit by jou voordeur te laat aflewer.

Die verskeidenheid in die boek strek van koerante tot die bos – alles dinge wat naby aan die skrywer se hart is.







Artebella
kunsskool
KALAHARI
VERFKWAS
AKRIEL-WERKSWINKEL
8 OKTOBER
8:30 - 16:30
Kerksaal, Vanzylsrus
R650 - R700
ALLE KUNSBENODIGHEDE WORD VOORSIEN
PLEK VIR 12 PERSONE
BESPREEK VOOR 16 SEPTEMBER:
KAREN VISSER - 082 557 7413


Artebella
kunsskool
Kinder-Kuns
Gr.4-7
Verfkwaspret
9 Okt
8:30 - 12:30
Alle kunsbenodighede ingesluit
Plek vir 6-8 kinders
Kerksaal, Vanzylsrus
Inskrywingsfooi
R250
per kind
Bespreek voor 16 September:
Karen Visser
082 557 7413


WOBBLY PLATES
Don't expect perfection
Pottery studio
083 602 8607
We will be hosting a glaze session at the Van Zylsrus art week.
Please join us and the other artists by booking a spot and be part of this initiative .
WHEN : 7 OCTOBER 2025 @ 14:00
WHERE: Vanzylsrus, Church Hall
COSTS: R230 pp INCLUDING: GLAZES, ITEM AND KILN WORK
Bring your friends and enjoy a fun afternoon painting, sponging or stencilling with us. Only 12 spaces available for the day
** Firing will be done at our Kathu studio and could be collected or courier( arranged by you)
KIDS WELCOME
BOOKINGS: KARLIN GROBLER 083 602 8607


Artebella
kunsskool
Driekuns
R150
Drie lekker kort kunsaktiwiteite word aangebied
Alle kunsbenodighede word voorsien
7 Oktober
14:00 - 17:00
Kerksaal, Vanzylsrus
Plek vir 12 persone
Bespreek voor 16 September:
Karen Visser - 082 557 7413


KATHU
Netball
CLUB
50
R2500
PER SPAN
STAANPLEK INGESLUIT
AANDAG ALLE
NETBAL-LIEFHEBBERS,
DIS NETBALTYD
R50 TOESKOUERS
R30 KINDERS
SIVOS NETBALBANE, KATHU
INSKRYWINGS SLUIT: 1 AUGUSTUS 2025 OM 17:00
06 SEPT
08:00-15:00
GROOT PRYSE TE WEN!
VERMAAK VANAF 18:00
TOT LAAT (JAN RHAAP)
VIR MEER INLIGTING & INSKRYWINGS KONTAK
VALERIE SMITH: 061 191 5877 &
NICOLENE FOURIE: 083 406 9900
50 JAAR FEESVIERINGE!
NETBAL UITDAGING REËLS:
Sluit by ons aan vir 'n dag vol pret en netbal as deel van ons 50 Jaar Feesvieringe! Of julle nou 'n passievolle klubspan of 'n trotse besigheidspan is – dis julle kans om die baan te tref, herinneringe te maak en span-gees te wys!
TWEE APARTE AFDELINGS:
• KLUBSPANNE
• BESIGHEIDSPANNE


Saturday, October 11, 2025 at 7 AM – 2 PM
DoringDraad Ride & Run 2025
Public · Event by DoringDraad Kontrei-Kuierplek in DeBen Kalahari


ATKV-tak Gemeenskapsteater, in samewerking met PACOFS, bied aan:
Roep van die leeu
Gegrond op die lewe van CS Lewis.
Geskryf deur Maretha Maartens
Met Peter Taljaard, Neels Vorster
en Anneri Bosman
Koste:
R120 p.p.
(tot
1 September
slegs R100
p.p.)
Datum: 19 en 20 September 2025
Tyd: 19:00
Plek: André Huguenet-teater
Kaartjies is beskikbaar by die PACOFS-kaartjiekantoor of aanlyn op Webtickets.
Kom geniet hierdie produksie en wees deel van die lewendige viering van geloofsgeïnspireerde kuns!
ATKV
ATKV-tak Gemeenskapsteater


Kuruman Animal Welfare Society
NMi
Toyota Kuruman
OBC
Better Butchery
Red Run
RED SANDS Country Lodge
Jumping Kids
LENTE
Brak-Trap
5KM
RED SANDS COUNTRY LODGE
( 15KM BUITE KURUMAN )
SATERDAG | 08 NOV, 2025 | 06:30 - 07:00
INSKRYWING: R50 / PERSOON (EERSTE 150 INSKRYWINGS KRY N GRATIS T-HEMP)
• BUFFET ETE: VOLWASSE - R95 / KINDERS - R75 (PRYSE SLEGS GELDIG VIR DEELNEMERS)
• SPRINGKASTEEL VIR DIE KINDERS
• ROOMYS TE KOOP NA DIE TYD
VIR MEER INLIGTING: CONET: 082 905 7354




naledi NALN50 NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM




